# ‘n Vriend van God

**2020-04-05**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**

# Inleiding

- Verlang en mis jy ook vriende en familie?
- Miskien is jy alleen in hierdie tydperk.
- Moontlik het jy nie eers vriende nie.

# Skriflesings

- Ex 33:10-23

Exo 33:10  En as die hele volk die wolkkolom sien staan by die ingang van die tent, staan die hele volk op en buig, elkeen aan die ingang van sy tent.
Exo 33:11  Dan spreek die HERE met Moses van aangesig tot aangesig soos ‘n man met sy vriend spreek. Daarna gaan hy na die laer terug; maar sy dienaar Josua, ‘n jongman, die seun van Nun, het hom nie uit die tent verwyder nie.

**Moses' Intercession**

Exo 33:12  Toe het Moses met die HERE gespreek: U sê nou wel aan my: Ek moet hierdie volk laat optrek, maar U laat my nie weet wie U saam met my sal stuur nie, hoewel U gesê het: Ek ken jou by die naam, en jy het ook genade in my oë gevind.
Exo 33:13  As ek dan nou genade in u oë gevind het, maak my dan tog u weë bekend, dat ek U kan ken; sodat ek genade in u oë kan vind. En bedink tog dat hierdie nasie u volk is.
Exo 33:14  En Hy antwoord: Moet Ek self meegaan om jou die rusplek te verskaf?
Exo 33:15  Toe sê hy vir Hom: As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie.
Exo 33:16  Want waaraan sou dan bekend word dat ek genade in u oë gevind het, ek en u volk? Is dit nie daaraan dat U met ons saamtrek nie? So sal ons, ek en u volk, onderskeie wees van elke volk wat op die aarde is.
**Exo 33:17**  Toe sê die HERE aan Moses: Ook hierdie versoek wat jy uitgespreek het, daaraan sal Ek voldoen; want jy het genade gevind in my oë, en Ek ken jou by die naam.
Exo 33:18  Daarop vra hy: Laat my tog u heerlikheid sien.
Exo 33:19  Maar Hy antwoord: Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die HERE uitroep; maar Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.

Exo 33:20  Verder het Hy gesê: Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.
Exo 33:21  Ook het die HERE gesê: Kyk, hier is ‘n plek by My waar jy op die rots kan gaan staan.
Exo 33:22  En as my heerlikheid verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met my hand oordek totdat Ek verbygegaan het.
Exo 33:23  En as Ek my hand wegneem, sal jy My van agter sien; maar my aangesig kan nie gesien word nie.

## 1. Gesels met God soos met 'n vriend

- God het met Moses gepraat in die "tent van samekoms" soos iemand met 'n vriend gesels.
- Ons is in 'n tyd waar jy ook met God kan praat en tyd spandeer met Hom (as vriende).

Exo 33:11  Dan spreek die HERE met Moses van aangesig tot aangesig soos 'n man met sy vriend spreek.

- God praat nie met Moses soos 'n hoë koninklike of baie belangrike persoon sou praat met 'n onderdaan of slaaf nie.
- Hulle praat eerder in liefde.
- Hy sê immers Hy wil tog saam met ons 'n maaltyd hou.  (Openb 3:20)
- Dit het vir die volk ook rustigheid en versekering gegee dat God en Moses met mekaar kon praat soos vriende.

## 2. God ken jou by jou naam

- Vriende ken mekaar se name
- Is genadig met mekaar
- Moses tree in vir die volk. So tree Christus ook vir ons in by die Vader.
- Jy kan ook intree vir ander by God.

**Exo 33:12** .. hoewel U gesê het: Ek ken jou by die naam, en jy het ook genade in my oë gevind.

- Ex 33:12 ....You say you are my friend, and that I have found favor before you; (LB)

<u>Vriende ken mekaar se name</u>

- **Jes 43:1** Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!

- <u>Jy kan ook intree vir ander by God.</u>
    - Die volk het 'n groot sonde gedoen (goue kalf).
    - Steeds pleit Moses by God vir die volk – selfs in die moeilikste tyd.
    - Hy is vrymoedig en praat met God

# 3. Leer God ken

- Terwyl jy met God praat (as 'n vriend), leer Hom ken op 'n dieper en intiemer manier.
- Dit is nou 'n goeie tyd.
- Hy sal jou Sy weë bekend maak en lei.

- Exo 33:13 As ek dan nou genade in u oë gevind het, maak my dan tog u weë bekend, dat ek U kan ken; sodat ek genade in u oë kan vind.

# 4. God hoor as jy (as vriend) bid

- Moses pleit tot by God om saam met hulle verder te trek – en God gee hom sy versoek want Hy gee genade en ken Moses by sy naam. (vers 17).
- Hy gee genade vir jou as jou as Sy vriend (Living Bible)
- Daar is krag in gebed – God is bereid om selfs meer te gee. “Ook hierdie versoek...”

Exo 33:17 Toe sê die HERE aan Moses: Ook hierdie versoek wat jy uitgespreek het, daaraan sal Ek voldoen; want jy het genade gevind in my oë, en Ek ken jou by die naam.

Exo 33:15 Toe sê hy vir Hom: As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie.
Exo 33:16 Want waaraan sou dan bekend word dat ek genade in u oë gevind het, ek en u volk? Is dit nie daaraan dat U met ons saamtrek nie? So sal ons, ek en u volk, onderskeie wees van elke volk wat op die aarde is.
Exo 33:17 Toe sê die HERE aan Moses: Ook hierdie versoek wat jy uitgespreek het, daaraan sal Ek voldoen; want jy het genade gevind in my oë, en Ek ken jou by die naam.

Ex 33:17 And the Lord has replied to Moses, “Yes, I will do what you have asked, for you have certainly found favor witih me, and you are my friend”.

## 5. God as vriend gee ons rus

- Hierdie vriend sal jou rus en vrede .
- Voel jy onrustig op die oomblik en selfs bevrees?
- Vertrou op God as jou vriend.

Ex 33:14 And the Lord said, “My presence shall go with you, and I will give you rest (by bringing you and the people into the promised land)”.

Psa 23:2 Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.

Exo 33:14 En Hy antwoord: Moet Ek self meegaan om jou die rusplek te verskaf?

Psa 23:2 Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.

## 6. Begeer meer van God

- God beantwoord Moses se gebed, maar steeds vra Moses nog meer.

**Exo 33:18** Daarop vra hy: Laat my tog u heerlikheid sien.

- Moses kom nou net van die berg af (40 dae) waar God hom die 10 gebooie gegee het....
- Is jy ook honger vir meer van God? Is dit ok jou gebed?

<u>God beantwoord Moses se gebed, maar steeds vra Moses nog meer.</u>
* Hoe meer jy van God ervaar en Hom leer ken, hoe meer sal jy van Hom wil hê.

**Exo 33:18** Daarop vra hy: Laat my tog u heerlikheid sien.
Exo 33:19 Maar Hy antwoord: Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die HERE uitroep; maar Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.

## 7. God as vriend beskerm ons

- Moses vra om God se heerlikheid te sien...
- God antwoord: "I will make my goodness pass before you, and I will announce to you the meaning of my name Jehovah, the Lord. (Vers19).
- Maar God weet Moses sal nie Sy aangesig kan sien nie. (vers 20 – Hy mag nie)
- Maar…..Hy sal hom (vriend) beskerm. (Living Bible vers 21-23)
- God se aangesig beskerm ons (Ps 80:20)

Exo 33:19 Maar Hy antwoord: Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die HERE uitroep; maar Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.
Exo 33:20 Verder het Hy gesê: Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.
Exo 33:21 Ook het die HERE gesê: Kyk, hier is 'n plek by My waar jy op die rots kan gaan staan.
Exo 33:22 En as my heerlikheid verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met my hand oordek totdat Ek verbygegaan het.
Exo 33:23 En as Ek my hand wegneem, sal jy My van agter sien; maar my aangesig kan nie gesien word nie.

<u>Moses vra om God se heerlikheid te sien...</u>
- Hy besef nie wat hy vra nie

<u>God beskerm</u>
Ex 33: 21-23 "However, stand here on this rock beside me. And when my glory goes by, I will put you in the cleft of the rock and cover you with my hand until I have passed. Then I will remove my hand, and you shall see my back but not my face."

God se aangesig is so kragtig – die mens kan dit nie aanskou nie – sterf.
**Psa 80:4** o God, herstel ons, en laat u aangesig skyn, sodat ons verlos kan word!
**Psa 80:20** o HERE, God van die leërskare, herstel ons; laat u aangesig skyn, sodat ons verlos kan word!

## 8. Beskermd in die Rots Jesus

- Ons word beskerm van God se oordeel (die loon van die sonde is die dood), deurdat ons in die Rots Jesus Christus weggesteek is.
- God beskerm vir Moses (as ‘n vriend) in die rots teen Sy eie aangesig.
- Nou word ons beskerm deur in ons vriend Jesus Christus ( die Rots) te wees en te skuil.

Exo 33:21  Ook het die HERE gesê: Kyk, hier is ‘n plek by My waar jy op die rots kan gaan staan.

Exo 33:22  En as my heerlikheid verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met my hand oordek totdat Ek verbygegaan het

Die ou liedjie sê, in die skeur van die rots vind ek skuiling.

**Rom 6:23**  Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.

**1Co 10:4**  en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.

## 9. Kan ons ‘n vriend wees van God?

- Dit is vir ons moontlik gemaak in en deur Jesus Christus.
- Daar is ‘n voorwaarde: doen wat Hy jou beveel.

Joh 15:14 Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel.

- Leer Hom beter ken as jou vriend.
- Wees lief vir God; wees lief vir mekaar.

(Joh 15:9-15)

- Eendag sal ons Hom ten volle kan sien. (1 Joh 3:2)

Joh 15:9 Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My.
Joh 15:10 As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.
Joh 15:11 Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word.
Joh 15:12 Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het.
Joh 15:13 Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.
Joh 15:14 Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel.
Joh 15:15 Ek noem julle nie meer diensknegte nie, omdat die dienskneg nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.

**1Jn 3:2** Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.

# Afsluiting

- Hierdie vriend sal jou nie in die steek laat nie.

**Spr 18:24** ‘n Man met baie vriende word geruïneer, maar daar is ‘n vriend wat sterker aanhang as ‘n broer.

Mat 28:20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.


Psa 91:9 Want U, HERE, is my
toevlug. Die Allerhoogste het
jy jou beskutting gemaak.
Psa 91:10 Geen onheil sal jou
tref en geen plaag naby jou
tent kom nie;